INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0 1 9 1 | 99/10/17 29 0 | 8 | 85 12 |

17 OCT 1999

Rapport Jg. 29 Nr. 43 P. 5 Dat.

TREFWOORDE
1 Sake Rapport
2 Regering
3 uitgawes
4 inkomste
5 uitlenings
6 lenings
7 Statistiek
8
9
10

# Staat gaan R8 miljard minder plaaslik leen

**MEDEWERKER**

Staatsfinansies het in die eerste helfte van die huidige fiskale jaar goed presteer volgens die skatkisrekening van September.

Teen die huidige tempo behoort staatsinkomste vir die jaar heelwat hoër as die begrote syfers te wees en sal die staat heelwat minder hoef te leen ongeag die feit dat uitgawes ook die begroting gaan oorskry.

Vir die ses maande tot September is die staat se inkomste 8,2% meer as die vergelykbare tydperk 'n jaar gelede. Indien die R577 miljoen wat ten opsigte van die demutualisering van Ou Mutual en Sanlam ontvang is ook in berekening gebring word, styg die staat se inkomste met 9,0% teenoor 'n begrote inkomstetoename van 6,5% vir die jaar in geheel.

Die hoër as verwagte groei in staatsinkomste kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n sterk toename in inkomstebelastinginvorderings wat dui op die sukses van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) om belastingontduikers vas te vat. Teen die huidige tempo kan inkomstebelastinginvorderings alleen die begrote raming met soveel as R5 miljard oorskry.

Dit sal ook beteken dat inkomstebelasting 'n selfs groter bydrae tot die staatskas sal lewer, wat 'n verdere rede verskaf waarom inkomstebelastingkoerse in volgende jaar se begroting heelwat afwaarts aangepas behoort te word.

Ander belastingbronne, soos BTW en die brandstofheffing, styg egter teen 'n laer as begrote tempo wat aanduidend is van die swak vraag in die ekonomie.

Maar staatsuitgawes tot September styg ook vinniger as die begrote verwagtings.

Tot September het staatsuitgawes met 6,8% gestyg teenoor 'n begrote toename van 6,1%. Indien hierdie tempo gehandhaaf word, sal staatsuitgawes die begrote raming met sowat R5 miljard oorskry. Nietemin, 'n hoër as verwagte totale inkomste behoort voldoende te wees. Afgesien van 'n laer tekort sal ander faktore ook help dat die staat heelwat minder as begroot in die huidige fiskale jaar sal leen.

Die staat het die jaar begin met heelwat kontant in die bank. Kontantsaldo's aan die begin van April was R5,2 miljard terwyl die begroting voorsiening gemaak het vir kontantsaldo's van slegs R2 miljard.

Verder bestaan ongeveer R2 miljard van die bates wat van SASRIA ontvang gaan word, uit kontant wat ook die finansieringsdruk sal verlig. Die staat het ook aangekondig dat 'n Euro-lening van ongeveer R2,9 miljard aangegaan gaan word. Dit sal die totale buitelandse lenings wat die staat in die huidige fiskale jaar aangegaan het op sowat R8,3 miljard te staan bring, teenoor 'n begrote R6 miljard vir die fiskale jaar in geheel.

Die gesonde stand van staatsfinansies word ook weerspieël in die relatief hoë kontantsaldo's van die staat aan die einde van September. Ten spyte van 'n baie laer effekte-uitgifte van R919 miljoen in September, beloop die staat se kontantsaldo's meer as R6 miljard aan die einde van die maand. In komende maande behoort die staat ook min op die plaaslike kapitaalmark aangewese te wees vir fondse. Aanduidings is dat die staat sowat R8 miljard minder plaaslik sal leen as wat in die begroting in die vooruitsig gestel is. 'n Laer finansieringsbehoefte vanaf die staat behoort verdere momentum aan die afwaartse neiging van rentekoerse volgende jaar te verleen.

● *Dawie Roodt is ekonoom by PLJ Finansiële Dienste.*